

Gereformeerde Kerk Bellville – 13 Desember 2015 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 81:12, 13, 15 (p. 413)

- 12 Open julle mond, / eis van My vrymoedig / op my trouverbond:
al wat jul ontbreek, / skenk Ek as jul smeek / mild'lik en oorvloedig.
- 13 Maar my volk wou My / nie gewillig eer nie, / aan my diens gewy;
ver van My vandaan / het hul weggegaan / en My nie begeer nie.
- 15 Ag, as hul maar net / na my raad wou handel, / op my woord wou let!
As hul maar wou hoor, / in die veil'ge spoor / van my wet wou wandel!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 95:1, 4 (p. 477)

- 1 Kom, laat ons jubel voor die HEER, / laat ons Hom toesing lof en eer –
die rots van heil wat ons oordek het. / Laat ons met lof en eerbiedsgroet
sy vriendlike aangesig ontmoet / wat nuwe vreugde in ons gewek het.
- 4 Hy's onse God en Herder, Hy, / en ons die skape van sy wei
wat uittrek onder sy beskerming. / As jul vandag sy roepstem hoor,
verhard jul nie, maar neig jul oor, / merk op die roep van sy ontferming.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Skrifberyming 9-2:8, 9

- 8 Die hart is setel van die lewe, / maar laat hom ook so gou mislei.
Aanvaar in denke en begeerte / die Gees van God se heerskappy.
- 9 Deur u volmaakte wet, o Here, / ontdek ons steeds ons sondigheid;
u Gees bring ons die heil in Christus / dat ons kan leef uit dankbaarheid.

Gebed

Psalm 95:5, 6 (p. 478)

- 5 Verhard jul hart nie, soos weleer / jul vaders wat – hoe dikwels weer! –
nie op my wondermag vertrou het. / Hul het My, deur die dors gekwel,
versoek, My op die proef gestel, / hoewel hul al my werk aanskou het.
- 6 Ek het verdriet van hul gehad / wat aldeur weg wou van my pad, / en deur 'n dwaalsiek hart verlei is.
Daarom het Ek in toorn gesweer: / Die rusplek erf hul nimmermeer / wat vir 'n trouer volk berei is.

Skriflesing: Deuteronomium 18:9-22

Kernverse: Deuteronomium 18:15-18

'n Profeet uit jou midde, uit jou broers, soos ek is, sal die HERE jou God vir jou verwek; na Hom moet julle luister – net soos jy van die HERE jou God by Horeb gevra het toe jy op die dag van die vergadering gesê het: Ek kan die stem van die HERE my God nie langer hoor en hierdie groot vuur nie meer sien nie, anders sterf ek. Toe het die HERE vir my gesê: Dit is goed wat hulle gespreek het. 'n Profeet sal Ek vir hulle verwek uit die midde van hulle broers, soos jy is, en Ek sal my woorde in sy mond lê, en Hy sal aan hulle sê alles wat Ek Hom beveel.

(Deuteronomium 18:15-18 AFR53)

Tema: Die Profeet wat God aan sy volk gee – Jesus Christus

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, daar is nie een mens op hierdie aarde wat nie graag wil weet wat in die toekoms gaan gebeur nie. Almal is nuuskierig daarvoor. Die ouens wat met die wêreld se handelsmarkte en effektebeurse te doen het sou graag wou weet wat in die toekoms gaan gebeur sodat hulle die fondse op die regte plekke kan belê. En hoeveel keer het dit nie al gebeur dat 'n mens nadat iets plaasgevind het, so graag die horlosie wil terugdraai om dinge net 'n bietjie anders te doen nie? Dan sou 'n mens nie in die penarie gewees het waarin jy nou is nie.

Wees gerus, ons is nie die enigste of eerste mense wat so graag wil weet wat in die toekoms gaan gebeur nie. Die dissipels van Jesus was net so nuuskierig oor die toekoms. Toe Jesus die laaste keer uit die tempel gestap het en die dissipels sy aandag op die tempelgeboue gevestig het, het Hy gesê dat nie een klip op die ander sal bly nie (Matt 24:1-2). Daarop het hulle gevra na die tekens van die einde van die wêreld. Kort voor sy hemelvaart het die dissipels weer vir Hom hieroor gevra (Hand 1:6).

In die eerste eeu het hierdie vrae oor die wederkoms en wanneer dit gaan gebeur nie opgehou nie. Paulus het onder andere daarvoor aan die gemeente in Tessalonika geskryf. Selfs in ons eie tyd is die mense nog steeds gaande daarvoor om te voorspel wanneer dit die einde van die wêreld gaan wees. Gereeld hoor ons die berigte van 'n datum wanneer die laaste oordeel gaan plaasvind. En hoeveel keer het daardie voorspellers nie al met rooi gesigte van die toneel verdwyn nie?

Ook onder ons hier in ons gemeente broei daardie begeerte om te wil weet wat in die toekoms gaan gebeur. 'n Mens merk dit op in die bywoning van die Bybelstudie. Toe daar uit die boek Openbaring Bybelstudie gedoen is, was ons baie by die Bybelstudie. Maar toe daar uit ander boeke van die Bybel studie gedoen word, het daar al minder by die Bybelstudie uitgekom.

Dit is oor hierdie soeke na wat in die toekoms gaan gebeur dat die Here vir sy volk, wat op die drumpel staan om in die beloofde land in te gaan, sê waar hulle eintlik moet soek. Broers, susters en kinders, die boek Deuteronomium bestaan uit die openbarings van die Here deur Moses kort voor Moses se dood. Deuteronomium 1 tot 4 is 'n oorsig oor die geskiedenis van die volk se veertig jaar se omswerwinge in die woestyn. Vanaf Deuteronomium 5 tot 26 roep die Here weer sy wet in herinnering en gee verduidelikings daarop. In hoofstuk 17 en 18 gee die Here voorskrifte aangaande die drie ampte wat in Israel sal optree. Aan die einde van hoofstuk 17 gee die Here die verantwoordelikhede van die koning aan sy volk. In die eerste agt verse van hoofstuk 18 praat Hy van die voorregte van die priester. Die res van hoofstuk 18 handel oor die profeet.

Voordat die Here die belofte van die Profeet aan sy volk gee, sê die Here eers met watter afskuwelike dinge hulle te doen gaan kry. In vers 9 tot 14 gee die Here duidelike waarskuwings oor waarsêery, towery en die raadpleeg van dooies. In ons dae kry ons te doen met mense wat nog steeds dooies raadpleeg of handpalms lees of in 'n kristalbal kyk. Die Here sê vir die mense aan wie Hy Homself met sy verbond verbind het om van hierdie dinge af weg te bly. Israel en ons moet absoluut niks met hierdie goed te doen hê nie.

In vers 10 en 11 noem die Here hierdie walglike praktyke waarmee sy mense niks te doen mag hê nie. Oor hierdie praktyke sê die Here ses dinge. In vers 9 noem Hy dit afskuwelike praktyke of gruwels. In die oë van die Here is hierdie praktyke goed wat jou walg en afstootlik is. Dit is goed wat 'n mens sommer naar maak. Maar let op dat dit nie net hierdie

praktyke is wat walglik is nie. Die mens wat homself besig hou met sulke praktyke is vir die Here 'n gruwel. Die Here haat sonde, maar Hy haat nie die sondaar nie, sê mense soms. Wel, dit is nie wat hier geskryf staan nie. Die Here sê baie duidelik in vers 12 dat die mens wat homself aan hierdie soort praktyke oorgee en daarin baljaar, 'n walglike mens in die oë van die Here is. Dit wil nie sê dat so iemand buite die bereik van die Here se liefde is nie. Die Here verheerlik Hom ook deur sy Gees die wedergeboorte van sulke walglike mense te bewerk en hulle tot geloof te bring.

Derdens waarsku die Here sy volk om nie eers hierdie gruwels aan te leer nie (Deut 18:9). Moenie eers nuuskierig wees om te weet hoe hierdie gruwelike dinge gedoen word nie. Bly daarvan ver weg. Want kyk hoe walglik hierdie praktyke regtig is. Die eerste een wat in vers 10 genoem word, is kinders wat as offers verbrand word. Enige mens se maag draai sommer van walging as 'n mens net daaraan dink dat 'n kind doodgemaak en verbrand word. Die Here sê hierdie dinge, soos handpalm lees of *Wat sê die sterre*, is net so walglik soos kindermoord.

Onder die mense wat in die verbond met die Here lewe, moet daar nie eers iemand gevind word wat hierdie dinge aanleer of daarmee besig is nie. Kyk net om watter rede het die Here die Kanaäniete uit die land uitgedryf – oor hierdie walglike praktyke. Die mens wat sy lewe vir homself ongemaklik wil maak voor die Here, moet dan maar nuuskierig met hierdie afskuwelike goed besig raak. Hy sal gou genoeg agterkom wat die Here van hom dink.

Nou kan daar gevra word: Waarom waarsku die Here so ernstig oor hierdie dinge? Wat is dit aan hierdie praktyke wat vir die Here so 'n gruwel is? Met hierdie afskuwelike praktyke wil die mens een van twee dinge doen. As 'n mens die lys van praktyke deurgaen, sien jy dat hulle aan die een kant kennis wil kry van dinge wat in die toekoms lê. En deur middel van goëlerij en beswering wil mense beheer kry oor ander mense en dinge in die toekoms.

Deur dit te doen word God en sy Woord verwerp. Maar dit is nie waar dit ophou nie. Met hierdie praktyke word God verkleineer en die mens verhef homself tot 'n posisie waar hy nie hoort nie. En agter hierdie dinge is die groot teenstander van God. In die tuin van Eden het die duiwel al met hierdie verleiding begin toe hy vir die vrou gesê het:

Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken.

(Genesis 3:4-5 AFR53)

Die mens wou homself daar in die tuin nie nederig aan sy hemelse Vader onderwerp nie en hy wou nie aanvaar dat die Here sy kennis en krag beperk het nie. Daar al het die mens na kennis gehunker. En as die Here dit nie vir hom gaan gee nie, sal hy dit op 'n ander plek gaan soek.

Dit is wat Saul gedoen het. Hy het daarmee begin om homself bo die Woord van die Here te verhef toe hy geoffer het terwyl hy dit nie mag doen nie. En toe die Here nog 'n kans aan hom gee om gehoorsaam te buig voor die Here se gesag, het hy die woord van die Here weer verwerp. Daarom het die Here sy woord van Saul af weggeneem. Na die episode met die Amalekiete het die Here nooit weer deur Samuel sy woord aan Saul bekend ge-maak nie. En toe Saul later in baie benoude omstandighede was, het hy na die heks van Endor gegaan om die oorlede Samuel te raadplaag. Oor hierdie aanhoudende verwerping van die Here se gesag en sy uiteindelijke walglike optrede het die Here Saul doodgemaak (1 Kron 10:13-14).

Die Here wil egter nie hê dat sy mense onkundig moet wees oor die dinge wat Hy in die toekoms gaan doen nie. Deur sy diensknegte – die profete – openbaar die Here sy raadsbesluit aan sy mense (Amos 3:7). Nadat die Here duidelik gewaarsku het oor die verkeerde manier om kennis van sake te kry, maak die Here die belofte:

’n Profeet sal Ek vir hulle verwek uit die midde van hulle broers, soos jy is, en Ek sal my woorde in sy mond lê, en Hy sal aan hulle sê alles wat Ek Hom beveel.
(Deuteronomium 18:19 AFR53)

In hierdie belofte hoor ons vier waarmerke van ’n ware profeet. Die eerste merkteken is dat die persoon deur God self aangestel is as ’n profeet. Die Here sê dat die Profeet wat Hy belowe iemand sal wees soos Moses. Nadat die Here sy Gebooie aan die volk afgekondig het by die berg Sinai het die volk gevra dat die Here nie weer direk met hulle moet praat nie anders sterf hulle. Daarom het hulle gevra dat Moses tussen hulle en God moet wees. Die Here moes met Moses praat en Moses moes dan aan hulle oordra wat die Here gesê het. So het die Here dan vir Moses aangestel as die eerste groot profeet.

Die tweede merkteken is dat die Profeet soos Moses moet wees. Hoe was Moses? Josua sê in die begrafnisrede hoe Moses was:

En soos Moses, vir wie die HERE van aangesig tot aangesig geken het, het daar geen profeet meer in Israel opgestaan nie – wat betref al die tekens en die wonders wat die HERE hom opgedra het om in Egipteland aan Farao en aan al sy dienaars en sy hele land te doen, en wat betref die hele magsopenbaring en al die groot, skrikwekkende dade wat Moses voor die oë van die hele Israel gedoen het. (Deuteronomium 34:10-12 AFR53)

Moses het die Here van aangesig tot aangesig geken. Die Here het met Moses in die tent van ontmoeting gepraat soos ’n vriend teenoor ’n vriend.

Die derde kenmerk is dat die Profeet iemand uit die volk Israel self moet wees. Daar is geen twyfel oor Moses se afkoms nie. Hy is gebore as die seun van Amram en Jogebed uit die stam Levi. Hy het ’n besondere liefde vir sy volk gehad. Teenoor die Egiptenaars het hy dit getoon deur uit hulle weelde weg te gaan na sy volk toe. Teenoor die Here het hy dit getoon deur ernstig vir hulle behoud te bid. En die vierde merkteken is dat die Profeet die woorde van God in sy mond sal kry en hy dit met Goddelike gesag moet verkondig. Elke keer wat die Here sy openbaring aan Moses gegee het, het Moses dit presies net so aan die volk oorgedra.

Na Moses het die Here telkens profete aangestel. Ons dink aan Samuel, Elia, Elisa en al die profete voor, tydens en na die ballingskap. In hulle het hierdie belofte van die Here telkens net gedeeltelik in vervulling gegaan, want nie een van hulle was dié Profeet wat die Here beloof het nie. Ons kom dit agter in die verwagting wat daar by die Jode geleef het. Uit die profesieë het die Jode verwag dat die Profeet sal kom net voordat die Messias verskyn of dat Hy self die Messias sal wees. Die priesters en Leviëte het in ’n stadium vir Johannes die Doper gevra wie hy is. Hy het ondubbelsinnig gesê dat hy nie die Christus is nie. Toe vra hulle of hy Elia is na aanleiding van die profesie in Maleagi 4:4-6. Dit het hy ook ontken. Uiteindelik vra hulle of hy die Profeet is. Hiermee het hulle van die beloofde Profeet van Deuteronomium 18 gepraat. Maar hy het dit ook ontken. Uiteindelik het hy geantwoord dat hy die een is wat voor die Here – dié Profeet – die pad reguit maak (Joh 1:19-23).

Nadat Jesus die meer as vyf duisend mense met vyf brode en twee vissies gevoed het, is die skare se eerste woorde:

Hy is waarlik die profeet wat in die wêreld sou kom. (Johannes 6:14 AFR53)

By die huttefees in Jerusalem was daar weer 'n groot klomp uit die skare wat gesê het dat Jesus waarlik die profeet is (Joh 7:40). Selfs na sy opstanding het die Emmausgangers van Jesus gepraat as die profeet wat kragtig in woord en daad voor God en die mense opgetree het (Luk 24:19).

En as ons die vier merktekens van die Profeet in die belofte op Jesus toepas, sien ons dat Hy inderdaad die Profeet is wat God belowe het. Hy is deur die Vader na hierdie wêreld gestuur en op die dag dat Hy deur Johannes die Doper gedoop is, het die Vader Hom uit die hemel as die Christus bevestig. As Christus is Jesus onder andere die hoogste Leraar en Profeet. Moses het God van aangesig tot aangesig geken. Jesus was in die boesem van die Vader (Joh 1:18). Daar is niemand anders wat God so ken soos sy eie Seun nie. As ware mens is Jesus 'n egte Jood – gebore uit die maagd Maria en die wettige seun van Josef uit die stam van Juda. Sy geslagsregister is deur Lukas en Matteus opgeteken. Jesus het self ook gesê dat Hy nie uit sy eie praat nie, maar wat Hy sê kom van God af (Joh 7:16-17).

Jesus het dus die woorde van God in waarheid verkondig. Sy woorde dra Goddelike gesag omdat Hy die Seun van God is. Petrus getuig dat Jesus se woorde ewige lewe gee (Joh 6:69). Jesus het kort voor sy hemelvaart die apostels beveel om sy woorde aan alle mense oor die hele wêreld heen te leer.

In verband met Jesus se woorde is daar nog twee sake wat genoem behoort te word. As Profeet het Hy nie net die omstandighede wat gesien kan word blootgelê nie. In skerp taal het Hy die sondige toestand van die mens se hart blootgelê (Matt 23). En verder het elke uitspraak van Jesus wat Hy as Profeet uitgespreek het waar geword. Hy het gesê dat een van sy eie dissipels Hom sal verraai en dit is deur Judas Iskariot vervul. Hy het sy eie dood aan die kruis verkondig en dit is op Goeie Vrydag vervul. Hy het sy eie opstanding verkondig en dit is op Paassondag vervul. Hy het die uitstorting van die Heilige Gees verkondig en dit is op Pinksterdag vervul. Hy het die val van Jerusalem verkondig en dit is in 70 nC vervul.

Jesus Christus is die Profeet wat God beloof het en Hy het die verlossing wat God deur Hom bewerkstellig in waarheid verkondig. Aangaande die Profeet het die Vader in sy belofte gesê: Luister vir Hom. Op die berg van verheerliking toe Petrus, Johannes en Jakobus saam met Jesus daar was en Moses en Elia met Jesus gesprek gevoer het, het God weer uit die hemel gesê:

Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom!
(Matteus 17:5 AFR53)

Wanneer 'n profeet spreek, het ons net een van twee keuses. Ons luister na Hom of ons verwerp sy woorde. Daar is nie nog 'n opsie nie. Selfs al sê jy net dat jy nog wil dink oor sy woorde, het jy klaar die keuse gemaak om sy woorde te verwerp, want waarteen gaan jy dit opweeg? Jesus het duidelik geprofeteer wat in die toekoms gaan gebeur. Sy profesieë het in die verlede waar geword. Al sy ander profesieë gaan waar word.

Moenie Jesus verwerp nie! Hy is die laaste Woord wat God tot ons spreek! Wie nie na Hom wil luister nie, gaan verseker die ewige dood tegemoet. Wie na Hom luister en in Hom glo het die ewige lewe (Joh 5:24).

Amen!

Slotgebed

Psalm 40:3, 4 (p. 205)

- 3 Grootmagtig was u daad. Hoe meld my mond / u wonders so oneindig ryk?
Wie is op aarde^{en}aan U gelyk? / Wie kan, o HEER, u grootheid ooit deurgrond?
Geen gawe^{en}of offerande, / gebring deur mensehande, / was ooit u wil of eis.
U het my oor deurboor, / dat ek u woord kan hoor / as hoogste dankbewys.
- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;
diep in my ingewand / waar liefde^{en}ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
13 Desember 2015